Ps. 42:1,5 Oorvloedige Versorging RJ | R. Oos 7 Junie '53
Ank. 3 Sept. '61
Ges. 76:1-4 Fil. 4:1-19 HDH
" 79: 2,4,6.
Fil. 4:19 – En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Xt. Jesus.

Stel u voor 'n Xtenkapelaan in Korea, krysgevangene in Rusland, wat ontbering moet verduur, onder strenge bewaking van dag tot dag – besig om d. dag v. sy oordeel &/ afvonnis af te wag!! En hier skielik vanuit d. vreemde, van een van sy eie gemeentes, 'n pragtige gebaar van tydelike voorsiening in sy nood wat sy behoefte bevredig & sy hart verwarm. Skryf terug aan hulle: Fil. 4

Dan sal u verstaan hoe Paulus moes gevoel het toe sy ~~geliefde~~ eie gemeente in Filippi hom verras het met hulle bewyse van teegemoetkoming & liefde. En sy antw. dank hy hulle vir hulle offervaardigheid & gee hy aan hulle d. blye & ryke versekering: „En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Xt. Jesus."

Veronderstel nou dat Filippi 'n gemeente van jongmense was, watter behoeftes sou Paulus in ~~sy~~ gedagte gehad het as die wat eie is aan dd. groep jongmense? Ek weet nie watter behoeftes hy hom voor-/ Keur sou uitkies het nie, mr. ek dink u sal met my saamstem dat die basiese behoeftes van jongmense van alle tye dies. bly. Wil graag 4 v. dd. behoeftes vlaand hier noem: Onthou „elke" behoefte

① **Die Behoefte aan Verlossing:** Noem dit d. eerste omdat deur al d. eeue heen dit d. diepste behoefte was v.d. mens se hart – d. noodroep van elke mens se ~~wese~~ siel: om verlos te word, om vry te raak v. h/self, v.d. tirannie van sy eie self~~sug~~ & d. mag v. sonde wat sy siel bind. Of d. mens dit wil erken of nie – diep in sy hart weet hy: „Ek is 'n gevangene"

Ook elke jongmens wat h/s leer ken ontdek baie gou dat al sy hoë ideale, al sy wond. lugkastele verkrummel voor d. wrede ontdekking van magte om en in hom wat hom 'n slaaf maak van h/self.

→ En omdat God so goed geweet het dat d. mens iemand nodig het om hom vry te maak, daarom het Hy Xtus J. gestuur – dié Xtus deur wie alleen daar verlossing moontlik is vir d. mens – dié Xtus buite wie daar geen vryheid & geen vrede is! In & deur Xtus het God a.d. mens sy vryheid kom bied – ook aan elke jongmens!

② **Die Behoefte aan Vertroue:** By vertroue bedoel ons hier eerstens Godsvertroue: geloof. Elke mens – wie hy ookal is, waar hy ookal lewe, wat hy ookal doen – elke mens moet een of ander geloof hê – 'n wese bo & buite h/s aan wie hy h/s kan gee, op wie hy sy hele wel & wee kan bou.

Wie leer hd. waarhd beter ken as



die jong ~~man of dame~~ mens wat bewus raak v.d. lewe, sy eise & sy veranderende moontlikhede – ek moet iemand hê in wie ek kan glo!

Nr. dis nie genoeg om net 'n geloof te hê nie – elke mens wil d. sekerhd hê dat sy geloof dié geloof is, genoegsaam vir elke behoefte, voldoende vir elke eis, oorwinnend oor elke struikelblok! Niemand gaan in 'n vliegtuig klim as hy weet dat hy ~~gaan ...~~ sy mense nie kan doen nie! Ook elke jongmens wat oor d. lewe nadink sal sê: „Gee my 'n geloof wat genoegsaam is, 'n geloof wat my krag & sterkte & sekerheid bring – gee my d. ware geloof!

Nou kom God in X. J. & sê: „Glo in God, glo ook in My!" „Wie in my glo, strome v. lew. water sal uit sy binneste vloei". In Hom alleen d. versadiging v. ons ~~honger~~ dors na geloof!

③ **Behoefte aan Vriendskap:** Niemand kan lewe sonder vriendskap nie. ~~Dis wat~~ ~~wat~~ Vriendskap jou bewaar v. selfsug, wat jou trek uit jouself, wat jou leer om jou vrn te verstaan & te vergewe, wat jou jou eie swakhede laat sien en erken, gemeenskap

Geen tyd in d. lewe waar hd behoefte aan vriendskap so sterk is as in ons jeug; dan vrn 'n mens eintlik bewus is van hd. honger om vriendskap te gee & te ontvang.

Ma. hd. Kameraadskap loop gevaar om baie gou te ontaard, te verflou, [illegible] as dit nie 'n vaste en onwankelb. fondament het nie.

Geen aardse vriendskap kan ooit groei & sterk word as dit nie geplant is in d. vrugbare bodem van 'n groter vriendskap wat ewig, volmaak en 100% selfverloënend is nie.

Wie is daar wat so 'n vr.skap kan bied? Wie anders as X. Jesus – die volmaakte wat Hy kennis het as die grootste vriend van sondaars? ~~Verstaan u nou~~ Hy wat dd. vriendskap ook aan ons kan bied wat foutloos is?

Verstaan u nou hoeveel daar opgesluit lê in die woorde: „My God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom?"

(#) Behoefte aan Volmaking: In d. hele Skepping is daar gedurig 'n drang na volmaking (Rom. 8: 19 – Want --- ) Ook in d. mens se siel lewe daar die behoefte aan d. volmaking van dinge –

Geen tyd van ons lewe waar ons so uitens bewus is v.d. onvolmaaktheid van alle dinge as in ons jeug. Dis dan wyl dit in jou binneste brand om d. wêr. te herskep, om kwaad uit te delg, om onreg ~~tot~~ reg te maak.

→ En nou kan God & sê dat deur X. Jesus

alleen deur X+ [illegible]5.

kan

X+ Jesus dd. volmaking ons deel word. En God kan gee aan ons sy Gees wat ons 'n nuwe gesig wil gee van d. lewe & sy moontlikhede – van ons roeping as Xtene –

Gee gesig van d. werklikheid van:
Verandering – vernuwing – volmaking.

Waar ja: eers „in heerlikheid" (Teks) = Xtus se wederkoms – maar dit sal daar wees! Glo ons dit?

→ Verstaan ons nou: Teks?

„My God": Die pers. sekerheid wat hier P. spreek – nie d. minste twyfel of herinnering

Bedoel nie: dat hy 'n God & sy eie geskep het wat moet inpas by sy wêr. beeld nie

Nee: Dis alleen omdat hy te kenne wil gee dat dit d. pers. ondervinding v. sy hart & lewe geword het.

→ Pers. getuienis: Temidde v. baie swakhede & foute, pligsversuim & verlore geleenthede altyd gesoek probeer om hd. getuienis waar te maak deur eie lewe: „My God"

→ My mens & bede.

Amen.

## Slot.

**Dank:** (1) Kerkraad — Ben (aanstelling)
(2) Kollegas & huis.
(3) Plaasnouwaans.
(4) Studente — (5) Eggenote

**Uitnooi:** Gaaet.

## Geked:

- Ben, Johann
- Kerkraad
- Studente : 6 maande
- Studente oorsee.
- Jeug & hulle behoeftes
- Ouers & opvoeders
- Studiereis